

**20 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 10:8-11 (33/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 10:10 en 11**

**Nugter in die erediens aan God**

Persoonlik en uitsonderlik druk die HERE Aäron op die hart dat sy dienaars nie drank-bedwelmd in die tent van samekoms mag ingaan nie. Hulle diens moet nugter en onbeneweld wees; helder van verstand en gemoed. In die ou Ooste het mense gedink dat wyn en sterk drank jou in kontak bring met die geesteswêreld. Die HERE wil dat die Heilige Gees die harte en hande van sy priesters beheers, en nie die geeste van hierdie wêreld nie. Dan sal hulle kan onderskei tussen heilig/onheilig en rein/onrein. Levitikus is juis die HERE se noukeurige voorskrifte hieroor. Onbeneweld en nugter moes Aäron en sy seuns hierdie voorskrifte stiptelik en noukeurig uitvoer, sodat wat vir die HERE onaanneemlik is, uit die erediens en die lewe van die volk kon wegbly.

Ook die verkondiging van God se Woord is aan hulle toevertrou. In die bediening daarvan moes die geeste van hierdie wêreld geen invloed kry nie. Die dienaars van die Woord moes nugter wees. Hulle moes hulle slegs deur die Heilige Gees laat lei, in hulle leringe uit die Woord.

Hierdie ewige insetting van God vir sy priesters het ons groot Hoëpriester, Jesus Christus, letterlik volbring toe Hy in sy hoogste erediens aan sy Vader, Homself as Offerlam gegee het, en geweier het om bedwelmdende drank te drink (Mark 15:23). In geloofsgehoorsaamheid het Hy begeer om Hom alleen deur die Gees te laat lei. So het Hy in sy uiterste priesterdiens met skerp oog en helder gees bly onderskei tussen heilig/onheilig en rein/onrein. So het Hy selfs aan die kruis bly voorgaan in die suiwere diens van God se Woord.

Deur Hom het ons 'n koninklike priesterdom geword (1 Pet 2:9). Deur die geloof in Hom moet ons nugter wees, en ons nie deur die geeste van hierdie wêreld laat benewel nie. Ons hart en siel moet konsentreer op God se genade in Jesus Christus. In ons priesterlewe moet ons ons deur niemand anders laat beïnvloed as Jesus nie. Heel ons lewe (gesin, werk, ontspanning) het heilige priesterdiens en heilige tempelsterrein voor God geword. Daarom moet ons ons deur God se Gees laat heilig en reinig en vernuwe.

Sing: Skrifberyming 14-1:1

Ds JH Cilliers (Reitz)